Die Minister van Omgewingsake het kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 162 van die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956), die volgende voorwaardes bepaal, onderworpe waaraan aansoeke van plaaslike besture, waterrade en streekwaterdienskorporasies om die toekenning van subsidie ten opsigte van die koste verbonde aan die aanbou van voorgestelde watervoorsieningskemas oorweeg en goedgekeur word:

1. Tensy uit die samehang anders blyk, beteken—
“Wet” die Waterwet, 1956 (Wet 54 van 1956);
“ingenieur” ’n persoon geregistreer as ’n professionele ingenieur ingevolge die Wet op Professionele Ingenieurs, 1968 (Wet 81 van 1968);

“Direkteur-generaal” die Direkteur-generaal van Omgewingsake;

“plaaslike bestuur” ’n instansie soos omskryf in artikel 85 (vi) van die Zuid-Afrika Wet, 1909; en het enige uitdrukking waaraan ’n betekenis in die Wet geheg word, dieselfde betekenis.

2. PLAASLIKE BESTURE (UITGESONDERD WATERRADE EN STREEKWATERDIENSKORPORASIES).

2.1 ’n Plaaslike bestuur wat die toekenning van ’n subsidie ten opsigte van die koste verbond aan die aanbou van ’n voorgestelde watervoorsieningskema verlang, moet skriftelik daarom aansoek doen deur die provinsiale sekretaris van die provinsie waarbinne die gebied van sodanige plaaslike bestuur geleë is.

2.2 By die deurstuur van ’n aansoek na die Direkteur-generaal moet die provinsiale sekretaris ’n verklaring saamstuur, met die strekking dat die Administrateur oortuig is dat die betrokke plaaslike bestuur die skema nie sonder die subsidie kan bekostig nie en dat die subsidie op grond daarvan deur die Administrateur aanbeveel word.

2.3 Die aansoek om ’n subsidie genoem in paragraaf 2.1 moet vergesel gaan van ’n ingenieursverslag wat moet insluit—

(a) ’n beskrywing van alle bestaande watervoorsieningskemas en die vermoë van elk van die onderskeie hoofkomponente daarvan;

(b) besonderhede van waterverbruik vir ten minste die voorgaande sewe jaar en ’n beraming vir die volgende 25 jaar van die verwagte verbruik in trappe van hoogstens vyf jaar;

(c) ’n beraming vir die volgende 25 jaar van die verwagte bevolking in trappe van hoogstens vyf jaar;

(d) besonderhede van enige toekennings uit of die leweringsvermoë van enige waterbron wat reeds benut word;

(e) besonderhede en die beraamde koste van elk van die integrerende gedeeltes van die voorgestelde skema;

(f) die geraamde eenheidskoste van gesuiwerde water wat deur die werke geproduseer sal word 13 jaar na die verwagte datum van goedkeuring van die subsidie, en genoemde eenheidskoste moet op die volgende basis bereken word:

(i) die rentekoers op lenings teen die heersende koers op staatslenings;

(ii) ’n delgingsperiode van 25 jaar;

DEPARTMENT OF ENVIRONMENT AFFAIRS

No. 683

2 April 1982

GRANT OF SUBSIDIES IN TERMS OF SECTION 162 OF THE WATER ACT, 1956, TO LOCAL AUTHORITIES, WATER BOARDS AND REGIONAL WATER SERVICES CORPORATIONS

The Minister of Environment Affairs has, by virtue of the powers vested in him by section 162 of the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956), determined the following conditions subject to which applications from local authorities, water boards and regional water services corporations for the granting of subsidies in respect of the cost connected with the construction of proposed water supply schemes may be considered and approved:

1. Unless the context otherwise indicates—

“Act” means the Water Act, 1956 (Act 54 of 1956);

“engineer” means a person registered as a professional engineer in terms of the Professional Engineers’ Act, 1968 (Act 81 of 1968);

“Director-General” means the Director-General of Environment Affairs;

“Local authority” means a body as defined in section 85 (vi) of the South Africa Act, 1909;

and any expression to which a meaning has been assigned in the Act, shall bear the same meaning.

2. LOCAL AUTHORITIES (EXCLUDING WATER BOARDS AND REGIONAL WATER SERVICES CORPORATIONS).

2.1 A local authority desiring the grant of a subsidy in respect of the cost connected with the construction of a proposed water supply scheme shall apply for it in writing through the provincial secretary of the province in which the area of such local authority is situated.

2.2 The provincial secretary, in forwarding the application to the Director-General, shall enclose a statement to the effect that the Administrator has satisfied himself that without the subsidy the local authority concerned would not be able to afford the scheme and that in view thereof the subsidy is recommended by the Administrator.

2.3 The application for a subsidy referred to in paragraph 2.1 shall be accompanied by an engineer's report which shall include—

(a) a description of all existing water supply schemes and the capacity of each of the main components thereof;

(b) particulars of water consumption for at least the preceding seven years and an estimate for the following 25 years of the expected consumption in phases of not more than five years;

(c) an estimate for the following 25 years of the expected population in phases of not more than five years;

(d) particulars of any allocation from or the output capacity of any water source already being utilised;

(e) particulars and the estimated cost of each of the integral parts of the proposed scheme;

(f) the estimated unit cost of purified water which will be produced by the works 13 years after the expected date of approval of the subsidy, the said unit cost being calculated on the following basis:

(i) the interest rate on loans taken at the ruling rate for Government loans;

(ii) a redemption period of 25 years;

- (iii) 'n instandhoudingstoelating van—
4 persent op masjinerie;
1 persent op pypleidings, kraglyne en watersuiweringsinstallasies;
'n halfpersent op damme, reservoirs en geboue;
- (iv) administrasiekoste bereken teen R5 per jaar per wateraansluiting of leweringspunt;
- (v) die koste van brandstof, elektrisiteit, chemikalieë, rouwater gekoop en die lone en salarisse van bedryfspersoneel teen heersende pryse in die gebied op die datum van die aansoek om die subsidie; en
- (vi) waar toevoegings tot of uitbreidings van 'n reeds bestaande watervoorsieningskema beoog word, die eenheidskoste vir die vergrote skema as geheel bereken en nie slegs vir die toevoeging of uitbreiding nie;
- (g) algemene planne van die skema, en die inligting wat verstrek word, moet voldoende wees vir die kontrolering van die voorgestelde werke;
- (h) 'n verklaring van die plaaslike bestuur, waarin die volgende inligting verstrek word:
- (i) die naam van die ingenieur verantwoordelik vir die ontwerp van die skema;
- (ii) die hoedanigheid waarin die ingenieur in diens is;
- (iii) besonderhede van alle vorige subsidies op watervoorsieningskemas van die betrokke plaaslike bestuur; en
- (iv) besonderhede van lenings nog uitstaande ten opsigte van bestaande watervoorsieningskemas, en ten opsigte van elke afsonderlike lening moet aangedui word die bedrag van die lening, jaarlikse terugbetalings en die verstrykingsdatum.

2.4 Indien die Direkteur-generaal oortuig is dat die skema tegnies gesond is, stel hy die betrokke provinsiale sekretaris diensooreenkomstig in kennis en indien nie, kan hy bykomstige inligting aanvra of versoek dat die skema herontwerp word.

2.5 Indien die geraamde koste van 'n skema, tesame met die werklike koste van enige skema ten opsigte waarvan 'n subsidie reeds toegeken is (as daar is), die bedrag gespesifiseer in artikel 162 (2) (a) van die Wet (R400 000 op die datum van hierdie voorwaardes) nie oorskry nie, kan die Minister die subsidie te eniger tyd goedkeur, mits fondse vir dié doel beskikbaar is.

2.6 Indien die geraamde koste van 'n skema, tesame met die werklike koste van enige skema ten opsigte waarvan 'n subsidie reeds toegeken is (as daar is), die bedrag gespesifiseer in artikel 162 (2) (a) van die Wet oorskry, word die subsidie goedgekeur slegs nadat fondse spesifiek daarvoor deur die Parlement bewillig is. Enige aansoek om 'n subsidie ten opsigte van so 'n skema vir 'n bepaalde boekjaar moet die Direkteur-generaal bereik nie later nie as 1 April van die voorgaande boekjaar.

2.7 'n Subsidie word toegeken ten opsigte van 'n skema soos beskryf in die ingenieursverslag en in die planne wat die aansoek vergesel. Geen subsidie word betaal ten opsigte van enige uitgawes aangegaan ten opsigte van enige wysigings van of toevoegings tot die aldus beskrewe skema nie, tensy goedkeuring vooraf skriftelik van die Direkteur-generaal verkry is. Die aanbring van wesenlike veranderinge aan 'n voorgestelde skema sonder dat skriftelike goedkeuring vooraf verkry is, kan die kansellering van die subsidie vir die skema as geheel tot gevolg hê.

- (iii) a maintenance allowance of—
4 per cent on machinery;
1 per cent on pipelines, power lines and water purification installations;
one-half per cent on dams, reservoirs and buildings;
- (iv) an administration cost calculated at R5 per annum per water connection or supply point;
- (v) the cost of fuel, electricity, chemicals, raw water purchased and the salaries and wages of operating staff calculated at the ruling prices in the area on the date of application for a subsidy; and
- (vi) where additions or extensions to an already existing water supply scheme are contemplated, the unit cost calculated for the extended scheme as a whole and not only for the addition or extension;
- (g) general plans of the scheme, the information supplied being sufficient for verification of the proposed works;
- (h) a statement by the local authority giving the following information:
- (i) the name of the engineer responsible for the design of the scheme;
- (ii) the capacity in which the engineer is employed;
- (iii) details of all previous subsidies on water supply schemes of the local authority concerned; and
- (iv) details of loans still outstanding in respect of existing water supply schemes, the amount of the loan, annual repayments and the expiry date being indicated in respect of each separate loan.

2.4 If the Director-General is satisfied that the scheme is technically sound, he shall advise the relative provincial secretary accordingly and if not he may call for additional information or request that the scheme be redesigned.

2.5 If the estimated cost of a scheme, including the actual cost of any scheme in respect of which a subsidy has already been granted (if any), does not exceed the amount specified in section 162 (2) (a) of the Act (R400 000 at the date of these conditions), the Minister may approve the subsidy at any time provided funds to this end are available.

2.6 If the estimated cost of a scheme, including the actual cost of any scheme in respect of which a subsidy has already been granted (if any), exceeds the amount specified in section 162 (2) (a) of the Act, the subsidy shall be approved only after funds have been specifically voted therefor by Parliament. Any application for a subsidy in respect of such a scheme for a particular financial year should reach the Director-General not later than 1 April of the preceding financial year.

2.7 A subsidy shall be granted in respect of a scheme as outlined in the engineer's report and in the plans accompanying the application. No subsidy shall be paid in respect of any expenditure incurred in regard to any alterations or additions to the scheme so outlined unless prior approval has been obtained in writing from the Director-General. The introduction of substantial alterations to a proposed scheme without having obtained prior approval in writing may result in the cancellation of the subsidy for the scheme as a whole.

2.8 Onderworpe aan dieselfde voorwaardes wat van toepassing is ten opsigte van ander komponente van 'n beoogde watervoorsieningskema, word die koste verbonde aan werke vir die ontwikkeling van 'n ondergrondse waterbron, insluitende die koste van eksplorasië en die koste van onsuksesvolle werk ten opsigte van boorgate, putte, sandwaterputte, ensovoorts, vir die toekenning van 'n subsidie in aanmerking geneem, mits bedoelde koste aangegaan sal word in verband met die beoogde watervoorsieningskema of die uitbreiding of verbetering van 'n skema en mits 'n vir die Direkteur-generaal aanvaarbare geologiese verslag en 'n plan vir die ontwikkeling van die betrokke ondergrondse bron, opgestel en voorberei deur 'n goedgekeurde raadgewende geoloog, saam met die ingenieursverslag voorgelê word.

2.9 Geen subsidie word toegeken ten opsigte van die koste van enige gedeelte van 'n waterwerk wat gefinansier word deur middel van skenkings of bydraes uit water oord ook al, of waarvan met die aanbou reeds begin is, of ten opsigte van enige uitgawes, insluitende die aankoop van materiaal, wat direk of indirek ten opsigte van 'n waterwerk aangegaan is voor die datum van 'n brief van die Direkteur-generaal waarin die betrokke plaaslike bestuur verwittig word dat met die werk 'n aanvang geneem kan word, en ook nie ten opsigte van uitgawes aan of in verband met die volgende nie:

- (a) Aankoop van bestaande werke;
- (b) regskoste (byvoorbeeld die koste van registrasie van servitute en koste verbonde aan waterhofaansoeke en ander gedingvoertuig, insluitende skadevergoeding);
- (c) vergoeding betaalbaar vir servitute, grondtransaksies en waterregte;
- (d) rente op kapitaal gedurende die aanbou van die skema;
- (e) administrasiekoste, uitgesonderd gelde aan raadgewende ingenieurs vir werk wat na die toekenning van 'n subsidie gedoen word;
- (f) die Seksie-ingenieur se inspeksiegelde;
- (g) enige komponent of deel van die skema, waarvan die koste as deel van die konstruksieproses ingevolge 'n besondere ooreenkoms, direk op 'n verbruiker of op 'n bepaalde groep verbruikers verhaal kan word, wat deur middel van daardie komponent of gedeelte voorsien sal word;
- (h) 'n proporsionele deel van die geraamde totale kapitaalkoste van die skema, na gelang van die omvang van enige gebied wat buite die regsgebied van die betrokke plaaslike bestuur geleë is maar wat deur die beoogde skema bedien sal word, of na gelang van die omvang van enige gebied binne die regsgebied van die betrokke plaaslike bestuur wat deur die skema bedien sal word maar wat deur private dorpseienaars, dorpsontwikkelaars, enige maatskappy, persoon of ander instansie vir spekulasiedoeleindes besit word.

2.10 Die Minister kan by die goedkeuring van 'n subsidie op die werklike konstruksiekoste van 'n skema die voorwaardes bepaal waaraan sodanige subsidie onderworpe is en die Direkteur-generaal moet skriftelik in kennis gestel word van die plaaslike bestuur se aanvaarding van hierdie voorwaardes voordat met die werk 'n aanvang geneem mag word. Geen betaling sal gedoen word nie alvorens aan hierdie voorwaardes voldoen is.

2.11.1 Die toekenning van 'n subsidie aan 'n plaaslike bestuur ten opsigte van die koste verbond aan die aanbou van 'n voorgestelde watervoorsieningskema word oorweeg slegs indien die verwagte eenheidskoste van watergelewer uit die skema, bereken soos in paragraaf 2.3 (f) voorgeskryf, die bedrag oorskry wat die Minister bepaal as die eenheidskoste van water waarbo 'n plaaslike bestuur met 'n

2.8 Subject to the same conditions applicable in respect of other components of a proposed water supply scheme, the cost connected with works for the development of an underground water source, including the cost of exploration and the cost of unsuccessful work in respect of boreholes, wells, sand water points, etc., shall be taken into consideration for the grant of a subsidy, provided the said cost will be incurred in respect of the proposed water supply scheme or the extension or improvement of a scheme and provided that a geological report acceptable to the Director-General and a plan for the development of the relative underground source, compiled and prepared by an approved consulting geologist, are submitted together with the engineer's report.

2.9 No subsidy shall be granted in respect of the cost of any part of a waterwork which is financed by means of donations or contributions from whatever source or construction of which has already begun or in respect of any expenses, including the purchase of material, incurred directly or indirectly in respect of a waterwork prior to the date of the Director-General's letter advising the local authority concerned that the work may be commenced, or in respect of expenditure on or in connection with the following:

- (a) Purchase of existing works;
- (b) legal costs (e.g. the cost of registration of servitudes, cost connected with water court applications and other litigation, including compensation for damages);
- (c) compensation payable for servitudes, land transactions and water rights;
- (d) interest on capital during the construction of the scheme;
- (e) administration costs, excluding payments to consulting engineers for work done subsequent to the grant of a subsidy;
- (f) the Circle Engineer's inspection fees;
- (g) any component or part of the scheme of which the cost as part of the construction process can be recovered in terms of a particular agreement directly from a consumer or a specific group of consumers who will be supplied through that component or part;

(h) a share of the estimated total capital cost of the scheme proportional to the extent of any area which is situated outside the area of jurisdiction of the local authority concerned but which will be served by the proposed scheme, or to the extent of any area within the area of jurisdiction of the local authority concerned which will be served by the scheme but which is owned for speculative purposes by private township owners, township developers, any company, person or other body.

2.10 The Minister may, on the approval of a subsidy on the actual construction cost of a scheme, determine the conditions to which such subsidy shall be subject and the Director-General shall be notified in writing of the local authority's acceptance of these conditions before the work may commence. No payment shall be made unless these conditions have been complied with.

2.11.1 The grant of a subsidy to a local authority in respect of the cost connected with the construction of a proposed water supply scheme shall be considered only if the expected unit cost of water supplied by the scheme, calculated as prescribed in paragraph 2.3 (f), exceeds the amount determined by the Minister as the unit cost of water

gegewe Blanke bevolking kwalifiseer vir die toekenning van 'n subsidie, welke kwalifiserende eenheidskoste bereken word aan die hand van die volgende formules:

$$(a) T = 12 + \frac{B}{5\,000}(30-12) \text{ sent per kubieke meter vir}$$

Blanke bevolkings tot en met 5 000;

(b) $T = 30$ sent per kubieke meter vir Blanke bevolkings van 5 000 en meer;

waar T gelyk is aan die kwalifiserende eenheidsprys van water vir die toekenning van 'n subsidie en B gelyk is aan die beraamde getal van die Blanke bevolking 13 jaar na die datum van die goedkeuring van 'n subsidie.

2.11.2 'n Subsidie wat aan 'n plaaslike bestuur toegeken word, bedra nie meer as die kleinste van—

(a) 'n persentasie van die totale subsidieerbare koste van die betrokke watervoorsieningskema ooreenkomstig die volgende wisselskaal:

33½ persent van die eerste R1 200 000 of gedeelte daarvan;

plus 20 persent van die volgende R1 200 000 of gedeelte daarvan;

plus 10 persent van die volgende R7 600 000 of gedeelte daarvan;

(b) 'n bedrag wat, indien dit van die totale koste van die voorgestelde skema afgetrek word, die eenheidsprys van die water soos bereken volgens paragraaf 2.3 (f), sal verminder tot 'n prys wat gelyk is aan die kwalifiserende eenheidsprys;

Met dien verstande dat geen subsidie toegeken word nie ten opsigte van subsidieerbare koste wat R10 000 000 oorskry en dat die maksimum van enige subsidie beperk is tot R1 400 000.

2.12.1 'n Watervoorsieningskema wat vir die toekenning van 'n subsidie kwalifiseer, kan vir subsidiedoeleindes in integrerende dele verdeel word en 'n subsidie kan behoudens paragraaf 2.13 ten opsigte van enige sodanige integrerende deel uitbetaal word by die voltooiing daarvan tot die tevredenheid van die Direkteur-generaal.

2.12.2 Waar 'n watervoorsieningskema vir subsidiedoeleindes in integrerende dele verdeel is, moet 'n aparte kostestaat ten opsigte van elke integrerende deel gehou word indien uitbetaling van die subsidie ten opsigte van enige sodanige deel verlang word voor die voltooiing van die skema as geheel.

2.12.3 By die voltooiing van 'n integrerende deel bedoel in paragraaf 2.12.1 of die hele skema, moet die plaaslike bestuur die Sektie-ingenieur van die Departement van die voltooiing in kennis stel en 'n gedetailleerde kostestaat indien ten opsigte van die voltooide integrerende deel of, na gelang van die geval, die skema in geheel. Die Sektie-ingenieur moet die werke inspekteer en indien hy met die konstruksie van die goedgekeurde items tevrede is, moet hy 'n sertifikaat uitreik dat die werke bevredigend voltooi is en dit aan die Direkteur-generaal voorlê, waarna die subsidie of die betrokke deel daarvan uithbetaal word. Indien die Sektie-ingenieur nie tevrede is nie, moet hy die plaaslike bestuur daarvan in kennis stel en aandui wat nog verlang word. Die subsidie word uitbetaal slegs nadat aan die vereistes van die Sektie-ingenieur voldoen is.

2.13 10 persent van die subsidie betaalbaar ten opsigte van enige watervoorsieningskema of enige integrerende deel van so 'n skema word teruggehou totdat 'n geouditeerde staat ten opsigte van die finale totale koste van die volledige skema deur die betrokke provinsiale sekeretaris verstrek is.

above which a local authority with a given White population qualifies for the grant of a subsidy, which qualifying unit cost shall be calculated on the basis of the following formulae:

$$(a) T = 12 + \frac{B}{5\,000}(30-12) \text{ cents per cubic metre for}$$

White populations up to and including 5 000; and

(b) $T = 30$ cents per cubic metre for White populations of 5 000 and more;

where T is equal to the qualifying unit price of water for the grant of a subsidy and B is equal to the estimated number of the White population 13 years subsequent to the date of approval of the subsidy.

2.11.2 A subsidy granted to a local authority shall not amount to more than the lesser of—

(a) a percentage of the total subsidisable cost of the relative water supply scheme according to the following sliding scale:

33½ per cent of the initial R1 200 000 or part thereof:

plus 20 per cent of the following R1 200 000 or part thereof;

plus 10 per cent of the following R7 600 000 or part thereof;

(b) an amount which, if subtracted from the total cost of the proposed scheme, will reduce the unit cost of the water calculated according to paragraph 2.3 (f) to a cost which is equal to the qualifying unit cost:

Provided that no subsidy shall be granted in respect of subsidisable costs in excess of R10 000 000 and that the maximum of any subsidy shall be limited to R1 400 000.

2.12.1 A water supply scheme which qualifies for the grant of a subsidy may for subsidy purposes be divided into integral parts and, subject to paragraphs 2.13, a subsidy may be paid out in respect of any such integral part on the completion thereof to the satisfaction of the Director-General.

2.12.2 If a water supply scheme has been divided into integral parts for subsidy purposes, a separate statement of costs shall be kept in respect of each integral part if payment of the subsidy in respect of any such part is desired before completion of the scheme as a whole.

2.12.3 On completion of an integral part referred to in paragraph 2.12.1 or the whole scheme, the local authority shall notify the Circle Engineer of the Department of the completion and submit a detailed statement of costs in respect of the completed integral part or the scheme as a whole, as the case may be. The Circle Engineer shall inspect the works and if he is satisfied with the construction of the approved items he shall issue a certificate that the works have been completed satisfactorily and submit it to the Director-General, whereupon the subsidy or the relative part thereof shall be paid. If the Circle Engineer is not satisfied, he shall advise the local authority accordingly and indicate what is still required. The subsidy shall be paid only after the requirements of the Circle Engineer have been complied with.

2.13 10 per cent of the subsidy payable in respect of each water supply scheme or any integral part of such a scheme shall be withheld until an audited statement in respect of the final total cost of the entire scheme has been submitted by the Provincial Secretary concerned.

2.14 Die bedrag van 'n subsidie betaalbaar ten opsigte van enige integrerende deel van 'n watervoorsieningskema, staan tot die bedrag van die subsidie ten opsigte van daardie skema as geheel, in dieselfde verhouding as die subsidieerbare koste van daardie integrerende deel tot die subsidieerbare koste van die skema as geheel.

2.15 Die Direkteur-generaal kan 'n plaaslike bestuur versoek om die verdere inligting of dokumente wat hy nodig ag, te verstrek alvorens 'n subsidie uitbetaal word en hy kan die koste van enige item wat na sy oordeel nie vir subsidie-doeleindes kwalifiseer nie, skrap van die uitgawestaat wat deur die plaaslike bestuur verstrek is.

2.16 Die beslissing van die Direkteur-generaal in verband met alle sake rakende die uitbetaling van 'n subsidie is finaal en indien enige bedrag ten opsigte van 'n subsidie foutiewelik uitbetaal is, moet die betrokke plaaslike owerheid onmiddellik daardie bedrag op versoek van die Direkteur-generaal terugbetaal, ondanks enige tydsverloop sedert die uitbetaling daarvan.

2.17 Geen voorwaarde hierin vervat, word so vertolk dat dit afbreuk doen aan die bevoegdheid van die Minister om sodanige verdere voorwaardes in verband met 'n aansoek om die toekenning van 'n subsidie te stel as wat hy nodig ag nie.

2.18 Indien die totale finale koste van die werke waarop 'n subsidie reeds goedgekeur is, die aanvanklike totale raming oorskry, kan die toekenning van 'n verdere subsidie ten opsigte van die verhoogde koste ingevolge artikel 162*ter* van die Wet oorweeg word. 'n Aansoek om 'n verdere toekenning moet ook deur bemiddeling van die betrokke provinsiale sekretaris aan die Direkteur-generaal voorgelê word. Slegs een aansoek om 'n sodanige verdere toekenning sal ten opsigte van 'n goedgekeurde skema oorweeg word.

3. WATERRADE.

3.1 'n Waterraad wat die toekenning van 'n subsidie op 'n voorgestelde waterwerk verlang, moet skriftelik by die Direkteur-generaal aansoek doen.

3.2 Die bepalinge van paragrafe 2.3 tot 2.18 is *mutatis mutandis* van toepassing op waterrade, met uitsondering van paragraaf 2.11, wat betrekking het op die kwalifiserende eenheidsprys van water gelewer uit die waterwerk en die skaal waarteen die bedrag van die subsidie bepaal word. In die geval van 'n waterraad is—

(i) die kwalifiserende eenheidsprys 30c per kubieke meter, ongeag die grootte van die Blanke bevolking; en

(ii) die bedrag van die subsidie 20 persent van die subsidieerbare koste, ongeag die bedrag daarvan.

4. STREEKWATERDIENSKORPORASIES.

4.1 'n Streekwaterdienskorporasie wat die toekenning van 'n subsidie op 'n voorgestelde waterwerk verlang, moet aansoek doen soos vir 'n plaaslike bestuur voorgeskryf word.

4.2 Die bepalinge van paragrafe 2.1 tot 2.18 hierbo is *mutatis mutandis* van toepassing op streekwaterdienskorporasies, met uitsondering van paragraaf 2.11, wat betrekking het op die kwalifiserende eenheidsprys van water gelewer uit die waterwerk en die skaal waarteen die bedrag van die subsidie bepaal word. In die geval van 'n streekwaterdienskorporasie is paragrafe 3.2 (i) en (ii) van toepassing.

5. Hierdie voorwaardes, wat op 1 April 1982 in werking tree, vervang die regulasies afgekondig by Goewermentskennissgewing R. 1194 van 12 Julie 1974, en gemelde regulasies word hierby herroep: Met dien verstande dat die herroeping nie betrekking het op bestaande goedgekeurde aansoeke om subsidie ingevolge voormelde regulasies nie,

2.14 The amount of a subsidy payable in respect of any integral part of a water supply scheme shall bear the same relation to the amount of the subsidy in respect of that scheme as a whole as the subsidisable cost of that integral part bears to the subsidisable cost of the scheme as a whole.

2.15 The Director-General may request a local authority to submit such further information or documents as he may deem necessary before a subsidy is paid and he may delete the cost of any item which, in his opinion, does not qualify for subsidy purposes from the statement of expenditure submitted by the local authority.

2.16 The decision of the Director-General in regard to all matters pertaining to the payment of subsidies shall be final and should any subsidy be bound to have been paid in error the local authority shall immediately refund that amount at the request of the Director-General, notwithstanding any lapse of time since the payment thereof.

2.17 No condition contained herein shall be construed as derogating from the powers of the Minister to impose such further conditions in regard to an application for the grant of a subsidy as he may deem fit.

2.18 If the total final cost of the works on which a subsidy has already been approved exceeds the initial total estimate, the grant of a further subsidy in respect of the increased cost may be considered in terms of section 162*ter* of the Act. An application for a further grant shall also be submitted to the Director-General through the mediation of the Provincial Secretary. Only one application for such a further grant shall be considered in respect of an approved scheme.

3. WATER BOARDS.

3.1 A water board desiring the grant of a subsidy on a proposed waterwork shall apply therefor to the Director-General in writing.

3.2 The provisions of paragraphs 2.3 to 2.18 shall *mutatis mutandis* apply to water boards with the exception of paragraph 2.11, which relates to the qualifying unit price of water delivered from the waterwork and the scale in accordance with which the amount of the subsidy is determined. In the case of a water board—

(i) the qualifying unit price shall be 30 cents per cubic metre, irrespective of the size of the White population; and

(ii) the amount of the subsidy shall be 20 per cent of the subsidisable cost, irrespective of the amount thereof.

4. REGIONAL WATER SERVICES CORPORATIONS.

4.1 A regional water services corporation desiring the grant of a subsidy on a proposed waterwork, shall apply in the manner prescribed for a local authority.

4.2 The provisions of paragraphs 2.1 to 2.18 above shall apply to regional water services corporations *mutatis mutandis* with the exception of paragraph 2.11, which relates to the qualifying unit price of water delivered from the waterwork and the scale in accordance with which the amount of the subsidy is determined. Paragraphs 3.2 (i) and (ii) shall apply in the case of a regional water services corporation.

5. These conditions, which come into effect on 1 April 1982, replace the regulations promulgated by Government Notice R. 1194 of 12 July 1974 and the said regulations are hereby repealed: Provided that the repeal shall have no bearing on existing approved applications for subsidies in terms of the above-mentioned regulations, which applications

welke aansoek afgehandel word as sou die regulasies nie herroep is nie: Met dien verstande voorts dat enige aansoek om 'n verdere subsidie ingevolge artikel 162ter van die Wet op die verhoogde of voltooiingskoste van die betrokke werke ingevolge hierdie voorwaardes oorweeg word.

shall be disposed of as if the regulations have not been repealed: Provided further that any application for a further subsidy in terms of section 162ter of the Act on the increased or completion cost of the relative works shall be considered in terms of these conditions.

KANTOOR VAN DIE OUDITEUR- GENERAAL

No. 684

2 April 1982

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Staatspresident behaag het om kragtens artikel 41 (1) van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet 66 van 1975), die aanstelling van Alexander Petrus Ellis as Ouditeur-generaal met ingang van 1 Mei 1982, in die plek van William Godfrey Schickerling goed te keur.

OFFICE OF THE AUDITOR-GENERAL

No. 684

2 April 1982

It is hereby notified for general information that the State President has been pleased to approve, in terms of section 41 (1) of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act 66 of 1975), of the appointment of Alexander Petrus Ellis as Auditor-General, with effect from 1 May 1982, in the place of William Godfrey Schickerling.

ALGEMENE KENNISGEWINGS

KENNISGEWING 186 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-
ONTWIKKELING

WET OP REËLING VAN GRONDTITELS, 1979

KENNISGEWING VAN VOORNEME OM GROND AAN
TE WYS.—AFDELING GEORGE

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Adjunk-minister van Ontwikkeling en van Grondsake, handelende namens die Minister van Gemeenskapsontwikkeling kragtens die bevoegdheid hom verleen by artikel 2 (2) van die Wet op Reëling van Grondtitels, 1979 (Wet 68 van 1979), gee hierby kennis dat ek voornemens is om die grond wat in die Bylae vermeld word kragtens artikel 2 (1) van die genoemde Wet aan te wys.

Persone wat teen die beoogde aanwysing beswaar wil maak word gevra om voor of op 30 April 1982 hul besware skriftelik by die Direkteur-generaal, Departement van Gemeenskapsontwikkeling, Privaatsak X390, Pretoria, 0001, in te dien. (Verwysing 2/5/48/3.)

J. J. G. WENTZEL, Adjunk-minister van Ontwikkeling en van Grondsake.

BYLAE

Gedeelte 2 (Klein Bosch) van die plaas Apoolskraal 123, afdeling George, groot 97,2164 hektaar.

(19 Maart 1982)

19-26-2

KENNISGEWING 207 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSKE

OUKLOOF- EN BRANDRIVIER-STAATS-
WATERSKEMA.—AFDELINGS PRINS ALBERT,
LADISMITH EN RIVERSDAL, KAAPPROVINSIE—
EERSTE INLYSTINGSRAADVERGADERINGS

Hierby word ingevolge artikel 64 van die Waterwet, 1956, bekendgemaak dat sittings van die Inlystingsraad in verband met die lyste van belasbare oppervlaktes van bogenoemde Staatswaterskemas op die plekke en tye soos hieronder aangedui, gehou sal word met die doel om aansprake op opnemings in genoemde lyste of besware teen enige van die name, eiendomme of oppervlaktes wat daarin voorkom, aan te hoor en daaroor te besluit:

1. Oukloof-staatswaterskema: Om 10h00 op Woensdag, 21 April 1982, op die plaas van mnr. G. P. W. Basson, Vyevelei.

GENERAL NOTICES

NOTICE 186 OF 1982

DEPARTMENT OF COMMUNITY
DEVELOPMENT

LAND TITLES ADJUSTMENT ACT, 1979

NOTICE OF INTENTION TO DESIGNATE LAND.—
DIVISION OF GEORGE

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Deputy Minister of Development and of Land Affairs, acting on behalf of the Minister of Community Development under and by virtue of the powers vested in him by section 2 (2) of the Land Titles Adjustment Act, 1979 (Act 68 of 1979), hereby give notice that I intend to designate under section 2 (1) of the said Act the land specified in the Schedule.

Persons who wish to object to the intended designation are invited to lodge their objections in writing with the Director-General, Department of Community Development, Private Bag X390, Pretoria, 0001, before or on 30 April 1982. (Reference 2/5/48/3.)

J. J. G. WENTZEL, Deputy Minister of Development and of Land Affairs.

SCHEDULE

Portion 2 (Klein Bosch) of the farm Apoolskraal 123, Division of George, in extent 97,2164 hectares.

(19 March 1982)

19-26-2

NOTICE 207 OF 1982

DEPARTMENT OF ENVIRONMENT AFFAIRS

OUKLOOF AND BRAND RIVER GOVERNMENT
WATER SCHEME.—DIVISIONS OF PRINCE ALBERT,
LADISMITH AND RIVERSDALE, CAPE PROVINCE—
FIRST SCHEDULING BOARD MEETINGS

It is hereby notified in terms of section 64 of the Water Act, 1956, that meetings of the Scheduling Board, in connection with the schedules of ratable areas of the above-mentioned Government Water Schemes will be held at the places and the times indicated below with the purpose of hearing and determining claims for inclusion in the said schedules or objections to any of the names, properties or areas included therein:

1. Oukloof Government Water Scheme: At 10h00 on Wednesday, 21 April 1982, on the farm of Mr G. P. W. Basson, Vyevelei.

2. Brandrivier-staatswaterskema: Om 10h00 op Donderdag, 22 April 1982, op die plaas van mnr. F. Snyman, Adamskraal.

Afskrifte van die lyste van belasbare oppervlaktes, wat kragtens artikel 63 (7) van genoemde Wet opgestel is, lê by die volgende plekke ter insae:

1. Oukloof-staatswaterskema:

(i) Klein-Karoo-landboukoöperasie, Prins Albert.

(ii) Poskantoor, Prins Albert.

2. Brandrivier-staatswaterskema:

(i) Kantoor van die Sekretaris, mnr. G. J. C. Olivier, Brandrivier-besproeiingsraad.

(ii) Landboukoöperasie, Ladismith.

Enige geregistreerde eienaar wat nie persoonlik op 'n vergadering teenwoordig kan wees nie, kan enige ander persoon skriftelik magtig om hom/haar op die vergadering te verteenwoordig.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 208 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSKE

GAMTOOSRIVIER- EN GROOTRIVIER (BEERVLEIDAM)-STAATSWATERSKEMA, AFDELINGS HUMANSDORP, WILLOWMORE, UITENHAGE EN STEYTLERVILLE, KAAPPROVINSIE.—INLYSTINGSRAADVERGADERINGS

Hierby word ingevolge artikel 64 van die Waterwet, 1956, bekendgemaak dat sittings van die Inlystingsraad in verband met die lyste van belasbare oppervlaktes van bogenoemde twee Staatswaterskemas op die plekke en tye hieronder genoem, gehou sal word met die doel om aansprake op opneming in genoemde lyste of besware teen enige van die name, eiendomme of oppervlaktes wat daarin voorkom aan te hoor en daaroor te besluit.

1. Gamtoosrivier-staatswaterskema:

Om 10h00 op Maandag, 19 April 1982, in die Ontspanningsaal by die Kantoor van die Administrasie-ingenieur, Patensie.

2. Grootrivier-staatswaterskema:

Om 10h00 op Dinsdag, 20 April 1982, in die Stadsaal, Steytlerville.

Afskrifte van die lyste van belasbare oppervlaktes, wat kragtens artikel 63 (7) van genoemde Wet opgestel is, lê by die volgende plekke ter insae:

1. Gamtoosrivier-staatswaterskema:

(a) Patensie Koöperatiewe Handelsvereniging, Andrieskraal.

(b) Winkel van mev. H. E. Geisler, Quagga.

(c) Kantoor van die Administrasie-ingenieur, Patensie.

(d) Munisipale Kantore, Hankey.

(e) Poskantoor, Gamtoos.

2. Grootrivier-staatswaterskema:

(a) Kantoor van die Senior Waterbeheerbeampte, Beervleidam.

(b) Landboukoöperasie, Steytlerville.

(c) Polisiestasie, Willowmore.

Enige geregistreerde eienaar wat nie persoonlik op genoemde vergadering teenwoordig kan wees nie, kan enige ander persoon skriftelik magtig om hom/haar op die vergadering te verteenwoordig.

(2 April 1982)

2. Brand River Government Water Scheme: At 10h00 on Thursday, 22 April 1982, on the farm of Mr F. Snyman, Adamskraal.

Copies of the schedules of rateable areas, prepared in terms of section 63 (7) of the said Act, are lying for inspection at the following places:

1. Oukloof Government Water Scheme:

(i) Klein Karoo Agricultural Co-operative, Prince Albert.

(ii) Post Office, Prince Albert.

2. Brand River Government Water Scheme:

(i) Office of the Secretary, Mr G. J. C. Olivier, Brand River Irrigation Board.

(ii) Agricultural Co-operative, Ladismith.

Any registered owner who is unable to attend a meeting may authorise any other person, in writing, to represent him/her at the meeting.

(2 April 1982)

NOTICE 208 OF 1982

DEPARTMENT OF ENVIRONMENT AFFAIRS

GAMTOOS RIVER AND GROOT RIVER (BEERVLEIDAM) GOVERNMENT WATER SCHEMES, DIVISIONS OF HUMANSDORP, WILLOWMORE, UITENHAGE AND STEYTLERVILLE, CAPE PROVINCE.—SCHEDULING BOARD MEETINGS

It is hereby notified in terms of section 64 of the Water Act, 1956, that meetings of the Scheduling Board in connection with the schedules of rateable areas of the above-mentioned Government Water Schemes will be held at the times and places mentioned below, for the purpose of hearing and determining claims for inclusion in the said schedules or objections to any of the names, properties or areas included therein.

1. Gamtoos River Government Water Scheme:

At 10h00 on Monday, 19 April 1982, in the Recreation Hall at the Office of the Administration Engineer, Patensie.

2. Groot River Government Water Scheme:

At 10h00 on Tuesday, 20 April 1982, in the Town Hall, Steytlerville.

Copies of the schedules of rateable areas, prepared in terms of section 63 (7) of the said Act, are lying for inspection at the following places:

1. Gamtoos River Government Water Scheme:

(a) Patensie Co-operative Trading Association, Andrieskraal.

(b) Shop of Mrs H. E. Geisler, Quagga.

(c) Office of the Administration Engineer, Patensie.

(d) Municipal Offices, Hankey.

(e) Post Office, Gamtoos.

2. Groot River Government Water Scheme:

(a) Office of the Senior Water Control Officer, Beervleidam.

(b) Agricultural Co-operative, Steytlerville.

(c) Police Station, Willowmore.

Any registered owner who is unable to attend the said meetings may authorise any other person, in writing, to represent him/her at the meetings.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 209 VAN 1982
PLANTVERBETERINGSWET, 1976
(WET 53 VAN 1976)

WYSIGING VAN DIE VARIËTEITSLYS

Die Registrateur van Plantverbetering maak hiermee ingevolge die bepalings van artikels 20 (3) (b) en 21 (2) van die Plantverbeteringswet, 1976 (Wet 53 van 1976), bekend dat die name van die variëteite van die soorte plante aangedui in die onderskeie kolomme van die Bylae hierby in die variëteitslys gehou ingevolge artikel 15 (1) van die voorvermelde Wet onderskeidelik opgeneem en geskrap is.

J. F. VAN WYK, Registrateur: Plantverbeteringswet.

NOTICE 209 OF 1982
PLANT IMPROVEMENT ACT, 1976
(ACT 53 OF 1976)

ALTERATIONS IN THE VARIETY LIST

In terms of section 20 (3) (b) and 21 (2) of the Plant Improvement Act, 1976 (Act 53 of 1976) the Registrar of Plant Improvement hereby makes known that the names of the kinds of plants contained in the respective columns of the Schedule attached hereto have respectively been entered in, and deleted from the variety list maintained in terms of section 15 (1) of the said Act.

J. F. VAN WYK, Registrar of Plant Improvement.

BYLAE/SCHEDULE

Botaniese en populêre naam Botanical and popular name	Byvoegings Additions	Skrappings Deletions
<i>Allium cepa</i> L. (ui/onion)	Texas Grano 502 PRR.....	—
<i>Beta vulgaris</i> L. var <i>esculenta</i> (tuinbeet/garden beet)	—	Detroit Dark Red T./Detroit Donkerrooi T.
<i>Brassica oleracea</i> L. var <i>Capitata</i> (kopkool/cabbage)	Alta	—
<i>Cucurbita maxima</i> Duch (pampoen en skorsie/pumpkin and squash)	Zapallito.....	—
<i>Lycopersicon lycopersicum</i> (L) Karsten ex Farwell (tamatie/tomato)	—	Rolo.
<i>Phaseolus vulgaris</i> L. (tuinboon: stam/garden bean: dwarf)	—	Tenderette.
<i>Pisum sativum</i> L. (tuinert/garden pea)	Multistar.....	—

(2 April 1982)

KENNISGEWING 210 VAN 1982
DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN VISSERYE
WET OP PLANTTELEERSREGTE, 1976
(WET 15 VAN 1976)

TOESTAAN VAN PLANTTELEERSREGTE

Ingevolge die bepalings van artikel 20 (2) (c) van die Wet op Planttelersregte, 1976 (Wet 15 van 1976), gelees met regulasie 10 (4) van die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing 2630 van 24 Desember 1980 word hiermee bekendgemaak dat die planttelersregte ten opsigte waarvan besonderhede in die Bylae hiervan verskyn, toegestaan is.

J. F. VAN WYK, Registrateur van Planttelersregte.

NOTICE 210 OF 1982
DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FISHERIES
PLANT BREEDERS' RIGHTS ACT, 1976
(ACT 15 OF 1976)

GRANT OF PLANT BREEDERS' RIGHTS

In terms of the provisions of section 20 (2) (c) of the Plant Breeders' Rights Act, 1976 (Act 15 of 1976), read with regulation 10 (4) of the regulations published in Government Notice 2630 of 24 December 1980 it is hereby made known that plant breeder's rights in respect of the application particulars whereof appear in the Schedule hereto, have been granted.

J. F. VAN WYK, Registrar of Plant Breeders' Rights

BYLAE/SCHEDULE

TOESTAAN VAN PLANTTELEERSREGTE/GRANTS OF PLANT BREEDERS' RIGHTS

Registrasie No. Registration No.	Naam en adres van houër Name and address of holder	Soort plant Kind of plant	Benaming Denomination	Naam en adres van agent Name and address of agent	Datum toegestaan Date granted
ZA81123	Gunson S.A. (Pty) Ltd, Posbus/P.O. Box 9861	<i>Lupinus albus</i> Lupin/Lupien	Buttercup.....	Geen/None.....	26/10/81.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 211 VAN 1982
DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN VISSERYE
WET OP PLANTTELEERSREGTE, 1976
(WET 15 VAN 1976)

**ONTVANGS VAN AANSOEKE OM
 PLANTTELEERSREGTE**

Ingevolge die bepalings van artikel 13 (1) van die Wet op Planttelersregte, 1976 (Wet 15 van 1976), gelees met regulasie 4 van die regulasies gepubliseer in Goewermentskennisgewing 2630 van 24 Desember 1980 word hiermee bekendgemaak dat die aansoeke om planttelersregte, besonderhede waarvan in die Bylae hierby verskyn, ontvang is.

J. F. VAN WYK, Registrateur van Planttelersregte.

NOTICE 211 OF 1982
DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND FISHERIES
PLANT BREEDERS' RIGHTS ACT, 1976
(ACT 15 OF 1976)

**RECEIPT OF APPLICATIONS FOR PLANT
 BREEDERS' RIGHTS**

In terms of the provisions of section 13 (1) of the Plant Breeders' Rights Act, 1976 (Act 15 of 1976), read with regulation 4 of the regulations published in Government Notice 2630 of 24 December 1980 it is hereby made known that the applications for Plant Breeders' Rights, particulars whereof appear in the Schedule hereto, have been received.

J. F. VAN WYK, Registrar of Plant Breeders' Rights.

BYLAE/SCHEDULE
AANSOEKE OM PLANTTELEERSREGTE/APPLICATIONS FOR PLANT BREEDERS' RIGHTS

Aansoek No. Application No.	Naam en adres van applikant Name and address of applicant	Soort plant Kind of plant	Voorgestelde benaming Proposed denomination	Naam en adres van agent Name and address of agent	Aansoek datum Application date
PT 249.....	Multa Saad (Edms.) Beperk, Posbus/P.O. Box 7, Bellville, 7530	<i>Lolium multiflorum</i> Italiaanse raaigras/Italian ryegrass	Multarai	Geen/None	1981/12/21
PT250.....	Florimund Desprez, Capelle 59242, Templeuve, France	<i>Medicago sativa</i> Lusern/Lucerne	Euver	C. May & Co. (Pty) Ltd, Posbus/P.O. Box 4037, Johannesburg, 2000	1982/01/11
PT251.....	Sentrale Saadkwekers Koöperasie Beperk, Posbus/P.O. Box 449, Pretoria, 0001	<i>Hordeum vulgare</i> Kaalgars/"Barley Wheat"	Dayan.....	Geen/None	1982/01/14
PT252*	AgriGenetics Corp., P.O. Box 1438, Hollister, California 95023, U.S.A.	<i>Lactuca sativa</i> Kopslaai/Lettuce	Commander.....	Starke-Ayres, Posbus/P.O. Box 304, Eppindust, 7475	
PT253.....	J. A. Herholdt, Posbus/P.O. Box 17, Eikenhof, 1872	<i>Rosa hort</i> Roos/Rose	Herwis	Geen/None	1982/01/26
PT254.....	Sam McGredy Roses International, P.O. Box 14-100 Panmure Auckland, New Zealand	<i>Rosa hort</i> Roos/Rose	Macyoumis	Roeloffs Nurseries, Posbus/P.O. Box 1, Hekpoort, 2800	1982/01/27
PT255.....	idem.....	idem.....	Macmanly.....	idem.....	idem
PT256.....	J. A. Herholdt, Posbus/P.O. Box 17, Eikenhof, 1872	idem.....	Dotrames.....	Geen/None	1982/02/01

* Beskermd bevel toegestaan.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 213 VAN 1982

DEPARTEMENT VAN STATISTIEK

Die Sekretaris van Statistiek maak vir algemene inligting bekend dat die Verbruikersprysindeks vir Februarie 1982 soos volg is:

VERBRUIKERSPRYSINDEKS, ALLE ITEMS

Gebied	Indeks
	Basis: 1975=100
1. Kaapstad	213,0
2. Port Elizabeth	213,7
3. Oos-Londen	213,2
4. Kimberley	213,9
5. Pietermaritzburg	216,5
6. Durban	220,6
7. Pretoria	219,2
8. Witwatersrand	224,2
9. Klerksdorp	217,9
10. Vaaldriehoek	223,5
11. O.V.S.-goudvelde	228,7
12. Bloemfontein	218,6
Beswaarde gemiddelde van die 12 gebiede	220,2

Verduidelikende opmerkings

Die Verbruikersprysindekse laat nie tussen stedelike vergelyking van pryspeile of lewenskoste toe nie. Die indekse toon nie of dit duurder is om in een stad as in 'n ander te woon nie. Die indekse toon vir elke stedelike gebied onafhanklik, prysveranderinge wat van tyd tot tyd plaasgevind het.

(2 April 1982)

NOTICE 213 OF 1982

DEPARTMENT OF STATISTICS

The Secretary for Statistics notifies for general information that the Consumer Price Index for February 1982 is as follows:

CONSUMER PRICE INDEX, ALL ITEMS

Area	Index
	Base: 1975=100
1. Cape Town	213,0
2. Port Elizabeth	213,7
3. East London	213,2
4. Kimberley	213,9
5. Pietermaritzburg	216,5
6. Durban	220,6
7. Pretoria	219,2
8. Witwatersrand	224,2
9. Klerksdorp	217,9
10. Vaal Triangle	223,5
11. O.F.S. Goldfields	228,7
12. Bloemfontein	218,6
Weighted average of the 12 areas	220,2

Explanatory notes

The Consumer Price Indexed do not permit of inter-urban comparisons of price levels or living costs. They do not indicate whether it is more expensive to live in one city than in another. They indicate for each urban area, independently, the price changes which have taken place from time to time.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 214 VAN 1982

KOÖPERASIE VAN DIE REGISTER GESKRAP TE WORD.—CONTRACTORS CO-OPERATIVE SOCIETY LIMITED

Hiermee word bekendgemaak dat die naam van bogenoemde Koöperasie na verloop van 60 dae met ingang vanaf die datum van hierdie kennisgewing van die register ge-

NOTICE 214 OF 1980

CO-OPERATIVE TO BE STRUCK OFF THE REGISTER.—CONTRACTORS CO-OPERATIVE SOCIETY LIMITED

Notice is hereby given that the name of the above-mentioned Co-operative will, at the expiration of 60 days from the date of this notice, be struck off the register in terms of

skrap word ooreenkomstig artikel 45 (2) van die Koöperasiewet, 1981, en die Koöperasie sal ontbind word tensy bewys gelewer word dat die Koöperasie handel drywe of in werking is.

Enige besware wat belanghebbende persone teen hierdie prosedure wil inbring, moet, met vermelding van redes, voor verstryking van die tydperk van 60 dae, by hierdie kantoor ingedien word.

Registrateur van Koöperasies, Kantoor van die Registrateur van Koöperasies, MHVS-gebou, Beatrixstraat 84, Privaatsak X237 Pretoria, 0001.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 215 VAN 1982

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE

KENNISGEWING INSAKE KENNISGEWING VAN ONTEIENING T172/81

VERWYSING HQ/LT1123/151/6

Aan:

- (1) EDMUND FRANCIS BOURKE.
- (2) WILLEM FRANCOIS PRETORIUS.
- (3) JAN ABRAHAM JOUBERT.
- (4) DANIE PIETER JOUBERT.
- (5) JOHANNES WILLEM JACOBUS JOUBERT.
- (6) HENDRIK STEPHANUS PRETORIUS JOUBERT.
- (7) NICOLAAS STEPHANUS JACOBUS JOUBERT.
- (8) PETRUS JACOBUS JOUBERT.
- (9) FRANCOIS GERHARDUS JOUBERT.
- (10) JOZUA FRANCOIS JOUBERT.

Ooreenkomstig die bepalings van artikel 7 (4) van die Onteiningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), word die onderstaande Onteiningskennisgewing T172/81 wat op 24 Maart 1981 deur die Adjunk-hoofbestuurder van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, mnr. H. J. L. du Toit, in Johannesburg onderteken is en wat op 8 April 1981 aan Johannes Groenewald, gebore op 6 November 1939 beteken is, hierby gepubliseer aangesien u belang het by die grond wat in die kennisgewing beskryf word vanweë die reservering van mineraalregte ten gunste van u.

“1. Neem asseblief kennis dat die volgende onroerende goed kragtens die Konsolidasiewet op die Beheer en Bestuur van Spoorweë en Hawens, 1957 (Wet 70 van 1957), hierby ten behoeve van die Republiek van Suid-Afrika (in sy Administrasie van Spoorweë en Hawens) onteien word:

Sekere grond, groot ongeveer 1,24 hektaar, synde 'n gedeelte van restant van Gedeelte 111 ('n gedeelte van Gedeelte 1) van die plaas Mooiplaats 367, Registrasieafdeling JR, Transvaal, soos breedvoeriger aangedui op die aangehegte Plan MB203E.

2. Die onteiening word van krag op die kennisgewingsdatum (d.w.s. die dag waarop hierdie onteieningskennisgewing aan u oorhandig, aangebied of gepos is na gelang van die geval) en eiendomsreg op die onteienende goed gaan op genoemde Administrasie oor op die datum waarop die onteiening aldus van krag word.

3. Ingevolge die bepalings van die Onteiningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), word u hierby versoek om binne 60 dae vanaf die kennisgewingsdatum aan my by die adres hieronder gemeld, 'n skriftelike verklaring te lewer of te laat lewer waarin die volgende aangedui word:

(i) Wat die totale bedrag is wat u as vergoeding eis en hoeveel van daardie bedrag elk van die onderskeie bedrae beoog in artikel 12 (1) (a) van die Wet verteenwoordig, asook volledige besonderhede van hoe daardie bedrae saamgestel is.

section 45 (2) of the Co-operatives Act, 1981, and the Co-operative will be dissolved unless proof is furnished to the effect that the Co-operative is carrying on business or is in operation.

Any objections to this procedure which interested persons may wish to raise, must together with the reasons therefor, be lodged with this office before the expiration of the period of 60 days.

Registrar of Co-operatives, Office of the Registrar of Co-operatives, PSMAA Buildings, 84 Beatrix Street, Private Bag X237, Pretoria, 0001.

(2 April 1982)

NOTICE 215 OF 1982

SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES

NOTICE IN RESPECT OF NOTICE OF EXPROPRIATION T172/81

REFERENCE HQ/LT1123/151/6

To:

- (1) EDMUND FRANCIS BOURKE.
- (2) WILLEM FRANCOIS PRETORIUS.
- (3) JAN ABRAHAM JOUBERT.
- (4) DANIE PIETER JOUBERT.
- (5) JOHANNES WILLEM JACOBUS JOUBERT.
- (6) HENDRIK STEPHANUS PRETORIUS JOUBERT.
- (7) NICOLAAS STEPHANUS JACOBUS JOUBERT.
- (8) PETRUS JACOBUS JOUBERT.
- (9) FRANCOIS GERHARDUS JOUBERT.
- (10) JOZUA FRANCOIS JOUBERT.

In compliance with the provisions of section 7 (4) of the Expropriation Act, 1975 (Act 63 of 1975), the undermentioned Notice of Expropriation T172/81 which was signed by the Deputy General Manager of the South African Transport Services, Mr H. J. L. du Toit at Johannesburg on 24 March 1981 and which was served upon Johannes Groenewald, born on 6 November 1939, on 8 April 1981 is hereby published as you have an interest in the land as described in the notice by reason of the reservation of mineral rights in your favour.

“1. Please note that the following immovable property is hereby expropriated in terms of the Railways and Harbours Control and Management (Consolidation Act, 1957 (Act 70 of 1957), on behalf of the Republic of South Africa (in its Railways and Harbours Administration):

Certain land, in extent approximately 1,24 hectares, being a portion of remainder of Portion 111 (a portion of Portion 1) of the farm Mooiplaats 367, Registration Division JR, Transvaal, as more fully shown on the annexed Plan MB203E.

2. The expropriation takes effect on the date of notice (i.e. the day on which this notice of expropriation was delivered, tendered or posted to you, as the case may be) and ownership in the expropriated property vests in the said Administration on the date the expropriation so takes effect.

3. In accordance with the provisions of the Expropriation Act, 1975 (Act 63 of 1975), you are hereby requested to deliver or cause to be delivered to me at the address stated below, within 60 days from the date of notice, a written statement indicating:

(i) What the total amount is which is claimed by you as compensation and how much of that amount represents each of the respective amounts contemplated in section 12 (1) (a) of the Act as well as full particulars as to how such amounts are made up.

(ii) Volledige besonderhede van alle verbeterings op die onteiene grond wat na u oordeel die waarde van die grond raak.

(iii) Waar van toepassing, moet u die volgende besonderhede verstrek:

(a) Indien die grond voor die kennisgewingsdatum vir sake- of landboudoeleindes verhuur is by wyse van 'n ongeregistreerde huurkontrak, die naam en adres van die huurder, vergesel van die huurkontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, indien die kontrak op skrif is, of volledige besonderhede van die kontrak, indien dit nie op skrif is nie.

(b) Indien die grond voor die kennisgewingsdatum deur u as eienaar verkoop is, die naam en adres van die koper, tesame met die koopkontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan.

(c) Indien dit grond is waarop 'n gebou opgerig is wat onderworpe is aan 'n retensiereg ten gunste van 'n bouer uit hoofde van 'n skriftelike boukontrak, die naam en adres van die bouaannemer, tesame met die boukontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan.

(d) Indien dit grond is wat op die kennisgewingsdatum deur 'n deelsaaier bewerk is, die naam en adres van die deelsaaier, vergesel van die deelsaaierskontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, indien die kontrak op skrif is, of volledige besonderhede van die kontrak, indien dit nie op skrif is nie.

(iv) U moet die adres meld waarheen u verlang dat verdere stukke in verband met die onteiening aan u gepos moet word.

4. Behoudens die reg van die Administrasie om deur kennisgewing aan u vroeër besit te verkry, of tensy daar skriftelik anders tussen u en die Administrasie ooreengekom word, neem die Administrasie besit van die onteiene goed by verstryking van 60 dae na die kennisgewingsdatum."

Neem asseblief kennis dat die eiendomsreg op die onteiene grond kragtens artikel 8 van bogemelde Wet op 8 April 1981 op die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste oorgegaan het, maar dat die grond onderworpe bly aan geregistreerde regte ten gunste van derdes tensy of totdat die regte van die eienaar daarvan onteien is.

Plan MB203E in paragraaf 1 hiervan genoem, lê ter insae in die kantoor van die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Johannesburg.

J. G. H. LOUBSER, Hoofbestuurder.

Adres.—Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Privaatsak X47, Johannesburg, 2134.

Johannesburg, 22 Maart 1982.

(2 April 1982)

(ii) Full particulars of all improvements on the expropriated land which in your opinion affect the value of such land.

(iii) Where applicable, you are required to give the following particulars:

(a) If prior to the date of notice the land was leased for business or agricultural purposes by unregistered lease, the name and address of the lessee, accompanied by the lease or a certified copy thereof, if it is in writing, or full particulars of the lease if it is not in writing.

(b) If prior to the date of notice the land was sold by you as owner, the name and address of the buyer accompanied by the contract of purchase and sale or a certified copy thereof.

(c) If a building which is subject to a builder's lien by virtue of a written building contract, has been erected on the land, the name and address of the builder accompanied by the building contract or a certified copy thereof.

(d) If on the date of notice the land was farmed by a sharecropper, the name and address of such sharecropper accompanied by the sharecropper contract or a certified copy thereof if it is in writing, or full particulars of the contract if it is not in writing.

(iv) You are required to state the address to which you desire that further documents in connection with the expropriation should be posted to you.

4. Subject to the Administration's right to obtain earlier possession by giving you notice, or unless otherwise agreed in writing between you and the Administration, the Administration will take possession of the expropriated property on expiry of 60 days after the date of notice."

Please note that in terms of section 8 of the above-mentioned Act ownership of the property passed to the South African Transport Services on 8 April 1981, but that the land remains subject to registered rights in favour of third parties unless or until such rights have been expropriated from the owner thereof.

Plan MB203E mentioned in paragraph 1 hereof lies for inspection in the office of the General Manager, South African Transport Services, Johannesburg.

J. G. H. LOUBSER, General Manager.

Address.—General Manager, South African Transport Services, Private Bag X47, Johannesburg, 2134.

Johannesburg, 22 March 1982.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 216 VAN 1982

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE

KENNISGEWING VAN ONTEIENING C20/82

VERWYSING HQ/LZG7/1/10

Aan:

FRIEDERICH THEODORE VOLLMER EN GOTTFRIED EDWARD GEORGE TAPPE, WAT HANDEL DRYF AS G. TAPPE AND COMPANY OF AAN WIE DIT MAG AANGAAN

1. Neem asseblief kennis dat die volgende onroerende goed kragtens die Suid-Afrikaanse Vervoerdienstewet, 1981 (Wet 65 van 1981), saamgelees met artikels 4 en 7

NOTICE 216 OF 1982

SOUTH AFRICAN TRANSPORT SERVICES

NOTICE OF EXPROPRIATION C20/82

REFERENCE HQ/LZG7/1/10

To:

FRIEDERICH THEODORE VOLLMER AND GOTTFRIED EDWARD GEORGE TAPPE, TRADING AS G. TAPPE AND COMPANY OR TO WHOM IT MAY CONCERN

1. Please note that the following immovable property is hereby expropriated on behalf of the Republic of South Africa for the South African Transport Services, in terms of

24 van die Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), hierby ten behoeve van die Republiek van Suid-Afrika vir die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste onteien word:

Sekere grond, groot ongeveer 667 vierkante meter, synde 'n gedeelte van die restant van die plaas Spes Bona 824, geleë in die administratiewe distrik Malmesbury, provinsie die Kaap die Goeie Hoop, soos breedvoeriger aangedui op Plan KS.A3E wat ter insae lê in die kantoor van die Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Johannesburg, en dié van die Afdelingsbestuurder, Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Kaapstad.

2. Die onteiening word van krag op die kennisgewingdatum (d.w.s. die dag waarop hierdie onteieningskennisgewing in die *Staatskoerant* gepubliseer word) en eiendomsreg op die onteiene goed gaan oor op die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste op die datum waarop die onteiening aldus van krag word.

3. Ingevolge die bepalinge van die Onteieningswet, 1975 (Wet 63 van 1975), word u hierby versoek om binne 60 dae vanaf die kennisgewingdatum aan my by die adres hieronder gemeld, 'n skriftelike verklaring te lewer of te laat lewer waarin die volgende aangedui word:

(i) Wat die totale bedrag is wat u as vergoeding eis en hoeveel van daardie bedrag elk van die onderskeie bedrae beoog in artikel 12 (1) (a) van die Wet verteenwoordig, asook volledige besonderhede van hoe daardie bedrae saamgestel is.

(ii) Volledige besonderhede van alle verbeterings op die onteiene grond wat na u oordeel die waarde van sodanige grond raak.

(iii) Waar van toepassing, moet u die volgende besonderhede verstrek:

(a) Indien die grond voor die kennisgewingdatum vir sake- of landboudoeleindes verhuur is by wyse van 'n ongeregistreerde huurkontrak, die naam en adres van die huurder, tesame met die huurkontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, indien die kontrak op skrif is, of volledige besonderhede van die kontrak, indien dit nie op skrif is nie.

(b) Indien die grond voor die kennisgewingdatum deur u as eienaar verkoop is, die naam en adres van die koper, tesame met die koopkontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan.

(c) Indien dit grond is waarop 'n gebou opgerig is wat onderworpe is aan 'n retensiereg ten gunste van 'n bouaannemer uit hoofde van 'n skriftelike boukontrak, die naam en adres van die bouaannemer, tesame met die boukontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan.

(d) Indien dit grond is wat op die kennisgewingdatum deur 'n deelsaaier bewerk is, die naam en adres van die deelsaaier, tesame met die deelsaaierskontrak of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, indien die kontrak op skrif is, of volledige besonderhede van die kontrak, indien dit nie op skrif is nie.

(iv) U moet die adres meld waarheen u verlang dat verdere stukke in verband met die onteiening aan u gepos moet word.

4. Behoudens die reg van die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste om deur kennisgewing aan u vroeër besit te verkry, of tensy daar skriftelik anders tussen u en die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste ooreengekom word, neem die Suid-Afrikaanse Vervoerdienste besit van die onteiene goed by verstryking van 60 dae na die kennisgewingdatum.

H. J. L. DU TOIT, Adjunk-hoofbestuurder.

Adres.—Hoofbestuurder, Suid-Afrikaanse Vervoerdienste, Privaatsak X47, Johannesburg, 2134.

Johannesburg, 9 Maart 1982.

(2 April 1982)

the South African Transport Services Act, 1981 (Act 65 of 1981), read in conjunction with sections 4 and 7 to 24 of the Expropriation Act, 1975 (Act 63 of 1975):

Certain land, in extent approximately 667 square metres, being a portion of the remainder of the farm Spes Bona 824, situate in the Administrative District of Malmesbury, Province of the Cape of Good Hope, as more fully shown on Plan KS.A3E lying for inspection in the office of the General Manager, South African Transport Services, Johannesburg, and that of the System Manager, South African Transport Services, Cape Town.

2. The expropriation takes effect on the date of notice (i.e. the day on which this notice is published in the *Government Gazette*) and ownership in the expropriated property vests in the South African Transport Services on the date the expropriation so takes effect.

3. In accordance with the provisions of the Expropriation Act, 1975 (Act 63 of 1975), you are hereby requested to deliver or cause to be delivered to me at the address stated below, within 60 days from the date of notice, a written statement indicating:

(i) What the total amount is which is claimed by you as compensation and how much of that amount represents each of the respective amounts contemplated in section 12 (1) (a) of the Act as well as full particulars as to how such amounts are made up.

(ii) Full particulars of all improvements on the expropriated land which in your opinion affect the value of such land.

(iii) Where applicable, you are required to give the following particulars:

(a) If prior to the date of notice the land was leased for business or agricultural purposes by unregistered lease, the name and address of the lessee, accompanied by the lease or a certified copy thereof, if it is in writing, or full particulars of the lease if it is not in writing.

(b) If prior to the date of notice the land was sold by you as owner, the name and address of the buyer accompanied by the contract of purchase and sale or a certified copy thereof.

(c) If a building which is subject to a builder's lien by virtue of a written building contract, has been erected on the land, the name and address of the builder accompanied by the building contract or a certified copy thereof.

(d) If on the date of notice the land was farmed by a sharecropper, the name and address of such sharecropper accompanied by the sharecropper contract or a certified copy thereof if it is in writing, or full particulars of the contract if it is not in writing.

(iv) You are required to state the address to which you desire that further documents in connection with the expropriation should be posted to you.

4. Subject to the South African Transport Services' right to obtain earlier possession by giving you notice, or unless otherwise agreed in writing between you and the South African Transport Services the South African Transport Service will take possession of the expropriated property on expiry of 60 days after the date of notice.

H. J. L. DU TOIT, Deputy General Manager.

Address.—General Manager, South African Transport Services, Private Bag X47, Johannesburg, 2134.

Johannesburg, 9 March 1982.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 217 VAN 1980

KENNISGEWING VAN AANSOEK OM GOEDKEURING VIR DIE OPRIGTING VAN 'N NUWE ABATTOIR KRAGTENS ARTIKEL 12 (1) VAN DIE WET OP DIE ABATTOIRBEDRYF, 1976 (WET 54 VAN 1976)

Kennis geskied hiermee kragtens artikel 12 (1) van die Wet op die Abattoirbedryf, 1976 (Wet 54 van 1976), dat mnr. A. J. van der Walt, Posbus 145, Christiana, kragtens artikel 11 van genoemde Wet by die Minister van Landbou en Visserye aansoek gedoen het om goedkeuring vir die oprigting van 'n abattoir op die plaas Bloemheuwel 327, distrik Christiana.

Indien die aansoek toegestaan word sal die abattoir gebruik word vir die slag van vyf beeste, een kalf, 12 skape en bokke en een vark per dag vir die voorsiening van vleis aan die inwoners van Christiana en distrik.

Iemand wat vertoë of besware in verband met bogenoemde aansoek wil rig, moet sodanige vertoë of besware aan die Voorsitter, Abattoirkommissie, Privaatsak X250, Pretoria, 0001, rig binne 'n tydperk van 30 dae vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing en op die wyse uiteengesit in die regulasies kragtens genoemde Wet uitgevaardig.

Aandag word gevestig op die bepalings van regulasie 11 (b) van die genoemde regulasies wat vereis dat iemand wat vertoë of besware teen 'n aansoek aan die Minister voorlê, terselfdertyd 'n afskrif van die stuk waarin sy besware uiteengesit is op die betrokke applikant moet bestel.

A. R. COCHRANE, namens Voorsitter:
Abattoirkommissie.

L.W.—Die regulasies vereis dat besware onder eed bevestig en in drievoud voorgelê moet word.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 218 VAN 1982

GEKOSE KOMITEE OOR TOLFINANSIERING VAN PAAIE

Hierby word vir algemene inligting bekendgemaak dat die Volksraad op die voorstel van Sy Edele die Minister van Vervoerwese besluit het dat 'n gekose komitee aangestel word om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die instelling van tolfinansiering van paaie, en aangeleenthede wat daarmee in verband staan, en dat bevoegdheid aan die Komitee verleen word om getuienis af te neem en stukke te vorder.

Die Gekose Komitee verlang dat alle persone of instellings wat graag getuienis oor die onderwerp van die Komitee se ondersoek wil lewer, sodanige getuienis skriftelik (indien moontlik moet 20 afskrifte voorsien word) nie later nie as 7 Mei 1982 aan die Gekose Komitee moet voorlê.

Alle briefwisseling in hierdie verband moet gerig word aan die Sekretaris van die Parlement, Posbus 15, Kaapstad, 8000.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 219 VAN 1982

KENNISGEWING VAN 'N VERGADERING VAN SKULDEISERS KRAGTENS ARTIKEL 22 (1) VAN DIE WET OP LANDBOUKREDIET, 1966

Hierby word 'n vergadering van ondergenoemde applikant en sy skuldeisers op die plek en datum hieronder genoem belê, met die doel om skuldeisers in staat te stel om hul vorderings teen die applikant te bewys en 'n skikkingsvoorstel van die Landboukrediet te oorweeg.

D. W. IMMELMAN, Direkteur-generaal: Landbou en Visserye.

NOTICE 217 OF 1982

NOTICE OF APPLICATION FOR APPROVAL FOR THE ERECTION OF A NEW ABATTOIR IN TERMS OF SECTION 12 (1) OF THE ABATTOIR INDUSTRY ACT, 1976 (ACT 54 OF 1976)

It is hereby made known in terms of section 12 (1) of the Abattoir Industry Act, 1976 (Act 54 of 1976), that Mr A. J. van der Walt, P.O. Box 145, Christiana, has in terms of section 11 of the said Act applied to the Minister of Agriculture and Fisheries for approval for the erection of a new abattoir on the farm Bloemheuwel 327, District of Christiana.

If the application is granted, the abattoir will be used for the slaughtering of five head of cattle, one calf, 12 sheep and goats and one pig per day for the supply of meat to the residents of Christiana and District.

Any person intending to submit representations or objections in regard to the above-mentioned application shall forward such representations or objections to the Chairman, Abattoir Commission, Private Bag X250, Pretoria, 0001, within a period of 30 days from the date of publication of this notice and in the manner set out in the regulations published under the said Act.

Attention is invited to the provisions of regulation 11 (6) of the said regulations which requires any person who submits objections to an application to the Minister to serve on the applicant concerned a copy of the document in which his objections are set out.

A. R. COCHRANE, for Chairman:
Abattoir Commission.

Note.—The regulations require that objections be affirmed under oath and submitted in triplicate.

(2 April 1982)

NOTICE 218 OF 1982

SELECT COMMITTEE ON TOLL FINANCING OF ROADS

It is hereby notified for general information that the House of Assembly, on a motion of the Honourable the Minister of Transport Affairs, has decided that a select committee be appointed to inquire into and report upon the introduction of toll financing of roads, and matters relating thereto, the Committee to have power to take evidence and call for papers.

The Select Committee desires all persons and institutions who wish to give evidence on the subject of the Committee's inquiry to submit such evidence, in writing (if possible 20 copies must be provided), to the Committee not later than 7 May 1982.

All correspondence in this connection should be addressed to the Secretary to Parliament, P.O. Box 15, Cape Town, 8000.

(2 April 1982)

NOTICE 219 OF 1982

NOTICE OF A MEETING OF CREDITORS IN TERMS OF SECTION 22 (1) OF THE AGRICULTURAL CREDIT ACT, 1966

A meeting of the undermentioned applicant and his creditors is hereby convened at the place and date mentioned hereunder for the purpose of enabling creditors to prove their claims against the applicant and of considering a proposal for a compromise by the Agricultural Credit Board.

D. W. IMMELMAN, Director-General: Agriculture and Fisheries.

Aansoek van/Application by	Plek van byeenkoms/Place of meeting	Datum en tyd/Date and time
Jan Dirk Johannes Odendaal, Posbus/P.O. Box 109, Badplaas	Kantoor van die Landdros/Office of the Magistrate, Carolina	3 Junie/June 1982 om/at 10h00

(2 April 1982)

KENNISGEWING 220 VAN 1982

DOEANE- EN AKSYNSTARIEFAANSOEKE.—
LYS 8/82

Onderstaande aansoeke betreffende die Doeane- en Aksynstarief is deur die Raad van Handel en Nywerheid ontvang. Enige beswaar teen of kommentaar op hierdie vertoe moet binne ses weke na die datum van hierdie kennisgewing aan die Raad van Handel en Nywerheid, Privaatsak X342, Pretoria, 0001, gerig word.

Verhoging van die reg op:

(i) Pentaeritritol (uitgesonderd di- of tripentaeritritol), indeelbaar by tariefsubpos 29.04.71, van 20 persent *ad valorem* tot 25 persent *ad valorem*;

(ii) mieresuur, indeelbaar by tariefsubpos 29.14.05.10, van 15 persent *ad valorem* tot 20 persent *ad valorem*; en

(iii) soute van mieresuur, indeelbaar by tariefsubpos 29.14.05.20, van 10 persent *ad valorem* tot 20 persent *ad valorem*. [RHN-verw. T5/2/6/2/7 (B5/82).]

Applikant:

National Chemical Products, Posbus 284, Bedfordview, 2008.

Verlaging van die reg op:

Sulfaamsuur, indeelbaar by tariefsubpos 28.13.05.90, van 15 persent *ad valorem* tot vry van reg. [RHN-verw. T5/2/6/2/1 (C2/82).]

Applikant:

Coastal Chemical Korporasie (Edms.) Bpk., Posbus 12067, Jacobs, 4026.

Intrekking van die kortingfasiliteite ten opsigte van:

(a) Mieresuur—

(i) vir die vervaardiging van geëpoksiede planteardige olies (item 303.01/29.14);

(ii) vir die vervaardiging van organiese peroksiede [item 306.01/29.14 (4)];

(iii) vir gebruik as aktiewe bestanddeel by die vervaardiging van plaagdoders (item 306.09/29.14);

(iv) vir die vervaardiging van tekstielhulpmiddels [item 306.12/29.14 (1)];

(v) vir gebruik in die leerlooiwyerheid (item 308.01/29.00);

(vi) vir die vervaardiging van tekstiele (item 311.01/29.14);

(vii) vir die vervaardiging van kragkapasitors (item 316.14/29.14); en

(b) pentaeritritol (uitgesonderd di- of tripentaeritritol), in die hoeveelhede en op die tye wat die Direkteur-generaal van Nywerheidswese, Handel en Toerisme by bepaalde permit toelaat (item 460.06/29.04). [RHN-verw. T5/2/6/2/7 (E2/82).]

Applikant:

National Chemical Products, Posbus 284, Bedfordview, 2008.

Kyk Algemene Kennisgewing 205 van 26 Maart 1982 vir lys 7/82.

(2 April 1982)

NOTICE 220 OF 1982

CUSTOMS AND EXCISE TARIFF APPLICATIONS.—
LIST 8/82

The following applications concerning the Customs and Excise Tariff have been received by the Board of Trade and Industries. Any objections to or comments on these representations must be submitted to the Board of Trade and Industries, Private Bag X342, Pretoria, 0001, within six weeks of the date of this notice.

Increase in the duty on:

(i) Pentaerythritol (excluding di- or tripentaerythritol), classifiable under tariff subheading 29.04.71, from 20 per cent *ad valorem* to 25 per cent *ad valorem*;

(ii) formic acid, classifiable under tariff subheading 29.14.05.10, from 15 per cent *ad valorem* to 20 per cent *ad valorem*; and

(iii) salts of formic acid, classifiable under tariff subheading 29.14.05.20, from 10 per cent *ad valorem* to 20 per cent *ad valorem*. [BTI Ref. T5/2/6/2/7 (B5/82).]

Applicant:

National Chemical Products, P.O. Box 284, Bedfordview, 2008.

Reduction in the duty on:

Sulphamic acid, classifiable under tariff subheading 28.13.05.90, from 15 per cent *ad valorem* to free of duty. [BTI Ref. T5/2/6/2/1 (C2/82).]

Applicant:

Coastal Chemical Corporation (Pty) Ltd, P.O. Box 12067, Jacobs, 4026.

Withdrawal of the rebate facilities in respect of:

(a) Formic acid—

(i) for the manufacture of epoxidised vegetable oil (item 303.01/29.14);

(ii) for the manufacture of organic peroxides [item 306.01/29.14 (4)];

(iii) for use as an active ingredient in the manufacture of pesticides (item 306.09/29.14);

(iv) for the manufacture of textile auxiliaries [item 306.12/29.14 (1)];

(v) for use in the leather tanning industry (item 308.01/29.00);

(vi) for the manufacture of textiles (item 311.01/29.14);

(vii) for the manufacture of power capacitors (item 316.14/29.14); and

(b) pentaerythritol (excluding di- or tripentaerythritol), in such quantities and at such times as the Director-General of Industries, Commerce and Tourism may allow by specific permit (item 460.06/29.04). [BTI Ref. T5/2/6/2/7 (E2/82).]

Applicant:

National Chemical Products, P.O. Box 284, Bedfordview, 2008.

For List 7/82 see General Notice 205, dated 26 March 1982.

(2 April 1982)

KENNISGEWING 221 VAN 1982 DEPARTEMENT VAN VERVOER

WET OP LUGDIENSTE, 1949 (WET 51 VAN 1949), SOOS GEWYSIG

Hierby word ingevolge die bepalings van artikel 5 (a) en (b) van Wet 51 van 1949 en regulasie 5 van die Regulasies vir Burgerlugdienste, 1964, vir algemene inligting bekendgemaak dat die Nasionale Vervoerkommissie die aansoeke waarvan besonderhede in die Bylaes hieronder verskyn, sal aanhoor.

Vertoë ingevolge artikel 6 (1) van Wet 51 van 1949 ter ondersteuning of bestryding van 'n aansoek moet die Direkteur-generaal: Vervoer (Direktoraat Burgerlugvaart), Privatebag X193, Pretoria, 0001, en die aansoeker binne 21 dae na die datum van publikasie hiervan bereik en daarin moet gemeld word of die persoon of persone wat aldus vertoë rig, van plan is om die verrigtings by te woon of om daar verteenwoordig te word.

Die Kommissie sal reël dat kennis van die datum, tyd en plek van die verrigtings skriftelik gegee word aan die aansoeker en al die persone wat aldus vertoë gerig het en wat verlang om aldus verteenwoordig of teenwoordig te wees.

BYLAE B

LYS VAN AANSOEKE OM HERNUWING VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van applikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Soort lugdiens ten opsigte waarvan hernuwing aangevra word en die nommer en datum van bestaande lisensie. (D) Besonderhede en lisensie. (i) Gebied wat bedien gaan word. (ii) Roete(s) en frekwensie(s) wat bedien gaan word. (iii) Uitgangsbasis(se). (iv) Soort verkeer wat vervoer gaan word. (v) Soort opleiding wat verskaf gaan word. (vi) Soort werk wat onderneem gaan word. (vii) Tariefskaal. (E) Lugvaartuie wat gebruik gaan word.

(A) Laeveldse Koöperasie Bpk., Posbus 60, Nelspruit, 1200. (B) Laeveldse Koöperasie Bpk. (C) Handelslugdienslisensie W967 gedateer 29 Augustus 1979. (D) (vi) Gewasbespuiting vir die lede van die Laeveldse Koöperasie Bpk., onderworpe aan die volgende voorwaardes:

(a) Slegs helikopters mag gebruik word;

(b) voordat 'n lugvaartuig gebruik word vir die toediening van chemikalieë, indien dit nie alreeds slegs in Kategorie (c) handelonderneming geklassifiseer is nie, moet aansoek om die herklassifikasie slegs in Kategorie (c) gedoen word, dit wil sê die lugwaardigheidsertifikaat moet saam met die aansoek om herklassifikasie (Vorm TV2/17) by die Departement van Vervoer ingedien word; en

(c) voordat 'n lugvaartuig wat gebruik is vir die toediening van chemikalieë vir enige ander doel gebruik mag word, moet dit herklassifiseer word in die betrokke Kategorie. Die aansoek om herklassifikasie moet vergesel wees van skriftelike getuienis deur die houer van 'n behoorlik gegradeerde lugvaartuigonderhoudsingenieurs- of onderhoudsorganisasiesiensie dat die lugvaartuig ontsmet is en geen skade opgedoen het as gevolg van die werking van die chemikalieë nie. 'n Aantekening te dien effekte moet ook in die betrokke lugvaartuiglogboek aangebring word. Weermodifikasie, haelbestryding en reënvalstimulering. (vii) Verhaling van koste. (E) Westland Bell 47G-3B-1 ZS-HJB, (gewasbespuiting) en Gates Learjet 24 ZS-LTK, Gates Learjet 23 ZS-JWC en Piper PA23-250 ZS-IPO (weermodifikasie ens.).

(A) Republic Aerial Surveys (Edms.) Bpk., Posbus 1216, Pretoria, 0001. (B) Republic Aerial Surveys (Edms.) Bpk. (C) Handelslugdienslisensie W741, gedateer 3 Mei 1979. (D) (vi) Vertikale lugfotografie vir karteringsdoelendes. (vii) Volgens spesifikasie. (E) Gehuur te word soos benodig.

NOTICE 221 OF 1982

DEPARTMENT OF TRANSPORT

AIR SERVICES ACT, 1949 (ACT 51 OF 1949), AS AMENDED

Pursuant to the provisions of section 5 (a) and (b) of Act 51 of 1949 and regulation 5 of the Civil Air Services Regulations, it is hereby notified for general information that the applications, details of which appear in the Schedules hereto, will be heard by the National Transport Commission.

Representations in accordance with section 6 (1) of Act 51 of 1949 in support of, or in opposition to, an application should reach the Director-General: Transport (Directorate Civil Aviation), Private Bag X193, Pretoria, 0001, and the applicant within 21 days of the date of publication hereof stating whether the party or parties making such representation intend to be present or represented at the hearing.

The Commission will cause notice of the time, date and place of the hearing to be given in writing to the applicant and all parties who have made representations as aforesaid and who desire to be present or represented at the hearing.

SCHEDULE B

SCHEDULE OF APPLICATIONS FOR RENEWAL OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is being operated. (C) Class of air service in respect of which renewal is sought and number and date of existing licence. (D) Particulars of licence. (i) Area to be served. (ii) Route(s) and frequencies to be served. (iii) Base(s) (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Types of training to be provided. (vi) Types of work to be undertaken. (vii) Tariff of charges. (E) Aircraft to be used.

(A) Laeveldse Koöperasie Ltd, P.O. Box 60, Nelspruit, 1200. (B) Laeveldse Koöperasie Ltd. (C) Aerial Work Air Service Licence W967 dated 29 August 1979. (D) (vi) Cropspraying for the members of the Laeveldse Koöperasie Ltd, subject to the following conditions:

(a) Only helicopters may be used;

(b) before an aircraft is used for the spraying or dusting of chemicals, if it is not already classified in Category (c) aerial work category only, application for its reclassification in Category (c) only, shall be made i.e. the Certificate of Airworthiness shall be submitted to the Department of Transport, with an application for the reclassification (Form TV2/17); and

(c) before an aircraft which has been used for the spraying or dusting of chemicals may be used for other purposes, it shall be reclassified in the appropriate categories. The application for reclassification shall be accompanied by written evidence by the holder of an appropriately rated aircraft maintenance engineer licence or maintenance organisation licence to be effect that the aircraft has been decontaminated and has not suffered any damage due to the action of the chemicals. An entry to this effect shall also be made in the relative aircraft logbooks. Weather modification, combating of hail and stimulation of rainfall. (vii) Recovery of costs. (E) Westland Bell 47G-3B-1 ZS-HJB, (cropspraying) and Gates Learjet 24 ZS-LTK, Gates Learjet 23 ZS-JWC and Piper PA23-250 ZS-IPO (weather modification etc.).

(A) Republic Aerial Surveys (Pty) Ltd, P.O. Box 1216, Pretoria, 0001. (B) Republic Aerial Surveys (Pty) Ltd. (C) Aerial Work Air Service Licence W741, dated 3 May 1979. (D) (vi) Vertical aerial photography for mapping purposes. (vii) According to specifications. (E) To be hired as required.

BYLAE C

AANSOEKE OM DIE OORDRAG VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van houer van lisensie. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Naam en adres van oordragnemer. (D) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer gaan word. (E) Besonderhede van lisensie. (i) Gebiede wat bedien gaan word. (ii) Roete(s) wat bedien gaan word. (iii) Basis(se). (iv) Soort verkeer wat vervoer gaan word. (v) Frekwensie en roosters waarvolgens die diens geëksploiteer gaan word. (vi) Soort opleiding wat verskaf gaan word. (vii) Besonderhede en beskrywing van die soort werk wat onderneem gaan word. (viii) Tariefskaal. (F) Lugvaartuie wat gebruik gaan word.

(A) Flink Lugdiens (Edms.) Bpk., Posbus 314, Bethal, 2310. (B) Flink Lugdiens (Edms.) Bpk. (C) Airspray Aviation (Edms.) Bpk., Posbus 314, Bethal, 2310. (D) Flink Lugdiens. (E) Handelslugdienslisensie W397. (vii) Lugbespuiting. (viii) R4,50 tot R8,75 per ha. (F) Twee Piper Pawnee- en vyf Cessna Agwagon-lugvaartuie.

BYLAE D

LYS VAN AANSOEKE OM DIE VERANDERING OF WYSIGING VAN LISENSIES

(A) Naam en adres van aplikant. (B) Naam waaronder die lugdiens geëksploiteer word. (C) Besonderhede betreffende die lisensie en die verandering of wysiging daarvan of die voorwaardes daarvan ten opsigte waarvan aansoek gedoen is.

(A) Fotogramensura (Edms.) Bpk., Posbus 710, Pretoria, 0001. (B) Fotogramensura (Edms.) Bpk. (C) Handelslugdienslisensie W572. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" voeg by: "Gates Learjet 23 ZS-JWC".

(A) K-Air Charter (Edms.) Bpk., Posbus 7073, Johannesburg, 2000. (B) K-Air Charter (Edms.) Bpk. (C) Nie-vasgestelde-lugvervoerdienslisensie N823. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" en "Tariefskaal" skrap: "Kingair C90 3D-ACO" en voeg by: "Beech Kingair 200B 3D-LKK R1,30 tot R1,40 per km".

(A) Namakwaland Lugdiens (Edms.) Bpk., Posbus 28, Springbok, 8240. (B) Namakwaland Lugdiens (Edms.) Bpk. (C) Vasgestelde-lugvervoerdienslisensie S294. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" voeg by: "Piper PA31 ZS-MCL en ZS-SWA".

(A) Namakwaland Lugdiens (Edms.) Bpk., Posbus 28, Springbok, 8240. (B) Namakwaland Lugdiens (Edms.) Bpk. (C) Nie-vasgestelde-lugvervoerdienslisensie N520 en Handelslugdienslisensie W956. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" en "Tariefskaal" voeg by: "Piper PA31 ZS-MCL 94c tot 106c per km en ZS-SWA 83c tot 96c per km".

(A) Trek Airways (Edms.) Bpk., Posbus 2758, Johannesburg, 2000. (B) Trek Airways (Edms.) Bpk. (C) Nie-vasgestelde-lugvervoerdienslisensie N108. Onder "Lugvaartuie wat gebruik gaan word" voeg by: "Boeing 707-344C LX-LGT". Onder "Tariefskaal" skrap paragraaf (a) en wysig soos volg: "(a) R700 tot R800 enkel, R750 en R1 700 retoer vir vlugte tussen Suid-Afrika en Europa (kinders 50 persent suigeling 10 persent)". Onder "Soort verkeer wat vervoer gaan word (Spesiale voorwaardes)", skrap paragraaf (a) en vervang deur die volgende: "(a) 142 retoervlugte tussen die Republiek van Suid-Afrika en Luxemburg gedurende die tydperk 1 April 1982 tot 31 Maart 1983".

(A) Wing Airways (Edms.) Bpk., Posbus 69322, Bryanston, 2021. (B) Wing Airways. (C) Vasgestelde-lugvervoerdienslisensies S11 en S12. Onder "Uitgangsbasis", "Roetes wat gevlieg gaan word en frekwensies" en "Tariefskaal" skrap "Lanseria" en voeg by: "Johannesburg/Jan Smuts".

(2 April 1982)

SCHEDULE C

APPLICATIONS FOR THE TRANSFER OF LICENCES

(A) Name and address of holder of licence. (B) Name under which air service is operated. (C) Name and address of transferee. (D) Name under which the Air Service is to be operated. (E) Particulars of licence. (i) Area to be served. (ii) Routes to be served. (iii) Base(s). (iv) Types and classes of traffic to be conveyed. (v) Frequency and time-tables to which the service will be operated. (vi) Types of training to be provided. (vii) Particulars and description of types of work to be undertaken. (viii) Tariff of charges. (F) Aircraft to be used.

(A) Flink Lugdiens (Pty) Ltd, P.O. Box 314, Bethal, 2310. (B) Flink Lugdiens (Pty) Ltd. (C) Airspray Aviation (Pty) Ltd, P.O. Box 314, Bethal, 2310. (D) Flink Lugdiens. (E) Aerial Work Air Service Licence W397. (vii) Aerial spraying. (viii) R4,50 to R8,75 per ha. (F) Two Piper Pawnee and five Cessna Agwagon aircraft.

SCHEDULE D

LIST OF APPLICATIONS FOR THE ALTERATION, MODIFICATION OR AMENDMENT OF LICENCES

(A) Name and address of applicant. (B) Name under which the air service is operated. (C) Particulars of the licence and of the alteration, modification or amendment thereto or the conditions thereof which has been applied for.

(A) Fotogramensura (Pty) Ltd, P.O. Box 710, Pretoria, 0001. (B) Fotogramensura (Pty) Ltd. (C) Aerial Work Air Service Licence W572. Under "Aircraft to be used" add: "Gates Learjet 23 ZS-JWC".

(A) K-Air Charter (Pty) Ltd, P.O. Box 7073, Johannesburg, 2000. (B) K-Air Charter (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence N823. Under "Aircraft to be used" and "Tariff of charges" delete: "Kingair C90 3D-ACO" and add: "Beech Kingair 200B 3D-LKK R1,30 to R1,40 per km".

(A) Namakwaland Lugdiens (Pty) Ltd, P.O. Box 28, Springbok, 8240. (B) Namakwaland Lugdiens (Pty) Ltd. (C) Scheduled Air Transport Service Licence S294. Under "Aircraft to be used" add: "Piper PA31 ZS-MCL and ZS-SWA".

(A) Namakwaland Lugdiens (Pty) Ltd, P.O. Box 28, Springbok, 8240. (B) Namakwaland Lugdiens (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence N520 and Aerial Work Air Service Licence W956. Under "Aircraft to be used" and "Tariff of charges" add: "Piper PA31-ZS-MCL 94c to 106c per km and ZS/SWA 83c to 96c per km".

(A) Trek Airways (Pty) Ltd, P.O. Box 2758, Johannesburg, 2000. (B) Trek Airways (Pty) Ltd. (C) Non-scheduled Air Transport Service Licence N108. Under "Aircraft to be used" add: "Boeing 707-344C LX-LGT". Under "Tariff of charges" delete paragraph (a) and amend as follows: "(a) R700 to R800 single, R750 to R1 700 return for flights between South Africa and Europe (children 50 per cent infants 10 per cent)". Under "Types of traffic to be conveyed (Special conditions)", delete paragraph (a) and substitute with the following: "(a) 142 return flights between the Republic of South Africa and Luxembourg during the period 1 April 1982 to 31 March 1983".

(A) Wing Airways (Pty) Ltd, P.O. Box 69322, Bryanston, 2021. (B) Wing Airways. (C) Scheduled Air Transport Service Licences S11 and S12. Under "Base of operations", "Routes to be flown and frequencies" and "Tariff of charges" delete "Lanseria" and add: "Johannesburg/Jan Smuts".

(2 April 1982)

DEPARTEMENT VAN GEMEENSKAPS-
ONTWIKKELING

STAATSDRUKKERY

AMPTELIKE PUBLIKASIES ONTVANG
GEDURENDE JANUARIE 1982

*Pryse van alle binnelandse publikasies is onderhewig aan
5% verkoopbelasting*

MATS

Maandelikse Uittreksel van Handelstatistieke, Januarie—Junie 1981.
Plaaslik R4,60, buitelandse R5,70.

GEBINDE DELE

Gebinde dele van die *Staatskoerant*, Mei 1981. Plaaslik R17,40,
buitelandse R22.

Gebinde dele van die *Staatskoerant*, Junie 1981. Plaaslik R17,40,
buitelandse R22.

KAARTE

1:1 000 000 Lug

3179—Ondangwa. Tweede Uitgawe 1977. Herdruk.
3299—Maputo. Tweede Uitgawe 1978. Herdruk.

SA 1:50 000 Topo

2520DA—Kaspersdraai. Eerste Uitgawe 1972. Nuwe.
2520CA—Driefendaspan. Eerste Uitgawe 1972. Nuwe.
2528AC—Mathibest. Eerste Uitgawe 1965. Herdruk.
2531BC—Hectorspruit. Eerste Uitgawe 1980. Herdruk.
3419AC—Hermanus. Tweede Uitgawe 1976. Herdruk.
2527BA—Assen. Eerste Uitgawe 1978. Herdruk.

Pryse van kaarte: Plaaslik R1, buiteland R1,25.

Kaarte verkrygbaar vanaf die Staatsdrukkery, Pretoria, en die Hoof-
direkteur van Opmetings en Kartering, Rhodeslaan, Mowbray.

Publikasies word posvry versend vanaf Pretoria en Kaapstad.

DEPARTMENT OF COMMUNITY
DEVELOPMENT

GOVERNMENT PRINTING WORKS

OFFICIAL PUBLICATIONS RECEIVED
DURING JANUARY 1982

*Prices for all inland publications are subject to
5% sales tax*

MATS

Monthly Abstract of Trade Statistics, January—June 1981. Local
R4,60, abroad R5,70.

BOUND VOLUMES

Bound volume of the *Government Gazette*, May 1981. Local R17,40,
abroad R22.

Bound volume of the *Government Gazette*, June 1981. Local R17,40,
abroad R22.

MAPS

1:1 000 000 Aeronautical

3179—Ondangwa. Second Edition 1977. Reprint.
3299—Maputo. Second Edition 1978. Reprint.

SA 1:50 000 Topo

2520DA—Kaspersdraai. First Edition 1972. New.
2520CA—Driefendaspan. First Edition 1972. New.
2528AC—Mathibest. First Edition 1965. Reprint.
2531BC—Hectorspruit. First Edition 1980. Reprint.
3419AC—Hermanus. Second Edition 1976. Reprint.
2527BA—Assen. First Edition 1978. Reprint.

Prices of maps: Local R1, abroad R1,25.

Maps obtainable from the Government Printer, Pretoria, and the Chief
Director of Surveys and Mapping, Rhodes Avenue, Mowbray.

Publications are sent post free from Pretoria and Cape Town.

PHYTOPHYLACTICA

Hierdie publikasie is 'n voortsetting van die Suid-
Afrikaanse Tydskrif vir Landbouwetenskap Jaargang
1 tot 11, 1958–1968 en bevat artikels oor Entomo-
logie, Dierkundige Plantplae, Nematologie, Plantpa-
tologie, Mikrobiologie, Mikologie, Taksonomiese
Studies, Biologie en Beheer. Vier dele van die tydskrif
word per jaar gepubliseer.

Verdienstelike landboukundige bydraes van oor-
spronklike wetenskaplike navorsing word vir plasing
in hierdie tydskrif verwelkom. Voorskrifte vir die
opstel van sulke bydraes is verkrygbaar van die
Direkteur, Landbou-inligting, Private Bag X144, Pre-
toria, aan wie ook alle navrae in verband met die
tydskrif gerig moet word.

Die tydskrif is verkrygbaar van bogenoemde adres
teen R1,50 per eksemplaar of R6 per jaar, posvry
(Buitelandse R1,75 per eksemplaar of R7 per jaar).

Verkoopbelasting moet by binnelandse bestellings
ingesluit word.

PHYTOPHYLACTICA

This publication is a continuation of the South
African Journal of Agricultural Science Vol. 1 to 11
1958–1968 and deals with Entomology, Zoological
Plant Pests, Nematology, Plant Pathology, Micro-
biology, Mycology, Taxonomic Studies, Biology and
Control. Four parts of the journal are published
annually.

Contributions of scientific merit on agricultural
research are invited for publication in this journal.
Directions for the preparation of such contributions
are obtainable from the Director, Agricultural
Information, Private Bag X144, Pretoria, to whom all
communications in connection with the journal
should be addressed.

The journal is obtainable from the above-men-
tioned address at R1,50 per copy or R6 per annum,
post free (Other countries R1,75 per copy or R7 per
annum).

Sales tax must accompany inland orders.

STAATSKOERANT**VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA****VOORWAARDES VIR DIE PUBLIKASIE VAN WETLIKE KENNISGEWINGS****Sluitingstye vir die aanname van kennisgewings**

1. Die *Staatskoerant* word weekliks op Vrydag gepubliseer en die sluitingstyd vir die aanname van kennisgewings wat op 'n bepaalde Vrydag in die *Staatskoerant* moet verskyn, is 15h00 op die voorafgaande Vrydag. Indien enige Vrydag saamval met 'n openbare vakansiedag, verskyn die *Staatskoerant* op 'n datum en is die sluitingstye vir die aanname van kennisgewings soos van tyd tot tyd in die *Staatskoerant* bepaal.

2. (1) Kopie van kennisgewings wat na sluitingstyd ontvang word, sal oorgehou word vir plasing in die eersvolgende *Staatskoerant*.

(2) Wysigings van of veranderings in die kopie van kennisgewings kan nie onderneem word nie tensy opdragte daarvoor ontvang is **voor 15h30 op Maandae**.

(3) Kopie van kennisgewings vir publikasie kan nie oor die telefoon aangeneem word nie.

(4) In geval van kansellasiessal die terugbetaling van die koste van 'n kennisgewing oorweeg word slegs as die opdrag om te kanselleer op of voor die vasgestelde sluitingstyd soos in paragraaf 1 hierbo aangedui, ontvang is.

Goedkeuring van kennisgewings

3. Kennisgewings, behalwe wetlike kennisgewings, is onderworpe aan die goedkeuring van die Staatsdrukker wat kan weier om enige kennisgewing aan te neem of verder te publiseer.

Vrywaring van die Staatsdrukker teen aanspreeklikheid

4. Die Staatsdrukker aanvaar geen aanspreeklikheid vir—

(1) enige vertraging by die publikasie van 'n kennisgewing of vir die publikasie daarvan op 'n ander datum as dié deur die adverteerder bepaal;

(2) die foutiewe klassifikasie van 'n kennisgewing of die plasing daarvan onder 'n ander afdeling of opskrif as die afdeling of opskrif wat deur die adverteerder aangedui is;

(3) enige redigering, hersiening, weglating, tipografiese foute of foute wat weens dowwe of onduidelike kopie mag ontstaan.

Aanspreeklikheid van adverteerder

5. Die adverteerder word aanspreeklik gehou vir enige skadevergoeding en koste wat ontstaan uit enige aksie wat weens die publikasie van 'n kennisgewing teen die Staatsdrukker ingestel mag word.

Kopie

6. Die kopie van kennisgewings moet slegs op een kant van die papier getik wees en mag nie deel van enige begeleidende brief of dokument uitmaak nie.

7. Bo aan die kopie, en weg van die kennisgewing, moet die volgende aangedui word:

(1) Die aard van die kennisgewing;

(2) die opskrif waaronder die kennisgewing geplaas moet word;

(3) die tarief (bv. "Vaste tarief", of "Woordetal-tarief") wat op die kennisgewing van toepassing is, en die koste verbonde aan die plasing daarvan.

8. Alle eiename en familienaam moet duidelik leesbaar wees en familienaam moet onderstreep of in hoofletters getik word. Indien 'n naam verkeerd gedruk word as gevolg van onduidelike skrif, sal die kennisgewing alleen na betaling van die koste van 'n nuwe plasing weer gepubliseer word.

Betaling van koste

9. Geen kennisgewing word vir publikasie aanvaar nie tensy die koste van die plasing(s) daarvan vooruit betaal is deur middel van ongekanseleerde inkomsteseëls.

10. (1) Die koste van 'n kennisgewing moet deur die adverteerder bereken word in ooreenstemming met—

